

**2 Mei**

**Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:16-21**  
**Fokusgedeelte: 2 Petrus 1:20**

### **Die Woord kom van God deur die werking van die Heilige Gees**

Hoe kan ek getuig van die dinge wat in die Woord staan as ek nie in die Woord glo nie? Hoe sal ek glo die Woord leer wat is reg en wat is verkeerd as ek nie glo dat God Self die Woord aan ons gegee het nie?

Petrus spreek gelowiges aan wat teen 'n dwaalleer wat onsedelikheid aanmoedig, moes weerstand bied. Hulle moes die waarheid van die Woord, soos dit deur Petrus en die ander apostels verkondig is, glo. Die apostels was immers geloofwaardige getuies wat saam met Jesus op aarde gelewe het. Hulle het geleer wat Jesus aan hulle geleer het. Onder leiding van die Heilige Gees wat in hulle woon en werk, het hulle die Woord verkondig. Dieselfde Woord wat vandag vir ons in die Woord (die Bybel) te boek gestel is. En nou is daar ook vandag baie sogenaamde profete wat daarop aanspraak maak dat hulle God se wil verkondig. Hulle verklaar soms dat alleen hulle die Woord reg verstaan en uitlê.

Maar die toets vir die waarheid van mense se woorde en dade is altyd of hulle woorde en dade met die Woord Self ooreenstem. Glo daardie mense self waarlik in die Skrywer van die Woord en getuig hulle handel en wandel ook van die leiding en die kragvolle werking van die Heilige Gees? Die Gees dring en bring gelowiges immers daartoe om te lewe volgens die eis van die Woord.

Daarom moet ons met inspanning en met volharding die Woord ondersoek en ons eie maak, dit oordink en probeer verstaan. Altyd onthou dat die Woord van God Self kom. Dat die Woord *God* se Woord is. Daarom moet ons daarop ingestel wees om luister wat die Woord Self sê. Wat God Self vir ons leer. Só alleen kan ons geloofwaardige getuies van die waarheid wees.

*Sing: Psalm 119:7, 9*

*Dr. JH Howell (Heidelberg)*